

## LAERSKOOL ELARDUSPARK MERIETE BELEID

### INLEIDING

Laerskool Elarduspark glo dat elke leerder wat Akademie, Sport en Kultuur in die kleure van die skool beoefen, daarvoor erkenning moet ontvang. Erkenning word ook gegee aan leerders wat ekstern (buite skoolverband) op sport- en kultuurgebied presteer. Die meriete proses word hieronder breedvoerig uiteengesit.

### ALGEMENE RIGLYNE WAARVOLGENS TOEKENNINGS GEMAAK WORD

- 'n Leerder ontvang jaarliks net die hoogste toekenning per aktiwiteit
- 'n Vlam is 'n spesiale toekenning
- Wanneer 'n leerder kleure/diploma verwerf kan hy/sy 'n balkie aankoop
  - ❖ Eerste balkie: Geel
  - ❖ Tweede balkie: Silwer
  - ❖ Derde balkie: Goud
- Die Meriete Beleid word jaarliks hersien
- Die Meriete Beleid sal aangepas word indien dit 'n Covid jaar is sodat geen leerder benadeel word nie.
- Toekennings vir individuele prestasies wat nie in die Meriete Beleid opgeneem is nie, sal op meriete deur die komitee oorweeg word, met inagneming van die algemene riglyne.
- Die Meriete komitee bestaan uit die Hoof, Organiseerder en betrokke personeel verbonde aan die sport, kultuur of akademie.
- Die finale beslissing t.o.v. toekennings berus by die onderskeie Meriete komitees

<b>MERIETE BELEID INHOUDSOPGAWE</b>	
<b>AKADEMIESE MERIETE</b>	<b>BL 4</b>
Grondslagfase	4
Intermediêre en Seniorfase	4
Olimpiade	6
Conquesta	6
Wetenskap Ekspo	6
Robotika	7

<b>SPORT MERIETE</b>	<b>BL 9</b>
Atletiek	11
Perdesport	12
Boogskiet	13
Gholf	14
Hokkie	15
Krieket	16
Landloop	18
Netbal	19
Rugby	21
Skaak	23
Tennis	25
Stoei	27
Fietsry	28
Hengel	29
Eksterne Sport	30

<b>KULTUUR MERIETE</b>	<b>BL 31</b>
Koor	<b>34</b>
Redenaars	<b>36</b>
Bybelvasvra	<b>37</b>
Algemene Kennis	<b>38</b>
Multi-Media Klub	<b>39</b>
Toneelklub	<b>40</b>
Skool Konsert	<b>40</b>
Goue-Aand	<b>40</b>
Musiek	<b>40</b>
Drama/Sang	<b>41</b>
Kuns	<b>41</b>
Dans	<b>41</b>
Akrobaat	<b>43</b>
Voortrekkers	<b>43</b>
Kunswedstryde	<b>44</b>
Eksterne Kultuur	<b>44</b>

## AKADEMIESE MERIETE BELEID

### 1. DOEL VAN AKADEMIE

Daar word 'n hoë premie geplaas op akademie by Laerskool Elarduspark. Leerders word van 'n jong ouderdom af gemotiveer om akademies te presteer. Tydens die eerste week van die jaar stel leerders akademiese doelwitte vir hulself.

### 2. MERIETE-KOMITEE

Die Meriete-komitee bestaan uit die Skoolhoof, die Akademiese Adjunkhoof, onderskeie Vakhoofde en Departementshoofde

### 3. KOÖRDINEERDERS

#### Grondslagfase

Me. Rachel Joubert: Gr 1 - 3

#### Intermediêre- en Seniorfase

Me Rentia Fourie (Gr 4 en 5) en Me Erika Möller (Gr 6 en 7)

### 4. PROSEDURE

Leerders by L/S Elarduspark word beloon vir goeie akademiese prestasies. Die gemiddeld soos aangedui op die leerder se rapport word gebruik as maatstaf. Akademiese meriete word toegeken met inagneming van al 4 kwartale se gemiddelde prestasie.

Alle formele assesserings maak deel uit van die akademiese meriete. Leerders wat in aanmerking wil kom vir erkenning moet dus alle formele assesserings aflê.

Die koördineerders van die akademiese meriete raadpleeg die punteverslae om die leerders wat in aanmerking kom vir akademiese meriete te bepaal. Punte word tot by die tweede desimaal in ag geneem.

Grens- en of meriete- gevalle sal op 'n individuele basis bespreek word. Besluite sal in oorleg met die Akademiese Meriete Komitee geneem word.

Balkies vir akademie word toegeken aan leerders wat diplomas vir akademie verwerf.

### 5. DIE VOLGENDE TOEKENNINGS WORD GEMAAK

#### Toekennings in Grondslagfase

In die Grondslagfase ontvang elke leerder 'n Sertifikaat van Verdienste. Die toekenning wat die leerder ontvang is vir die vak waarin hy/sy die beste presteer het. In sommige gevalle kan 'n leerder vir meer as een vak 'n toekenning ontvang, dit word egter saam op een sertifikaat aangedui.

#### Toekennings in Intermediêre- en Seniorfase (SLEGS Gr. 5 - 7)

- 'n Silwer sertifikaat vir 'n gemiddelde % van 74,5% tot 79,4% vir al vier kwartale in dieselfde jaar.

- 'n Goue sertifikaat vir 'n gemiddelde % van 79,5% tot 84,4% vir al vier kwartale in dieselfde jaar.
- 'n Medalje en 'n diploma vir 'n gemiddelde % van 84,5% tot 100% vir al vier kwartale in dieselfde jaar.
- 'n Sertifikaat van Verdienste word toegeken vir leerders wat 'n 10% verbetering op hulle gemiddelde kwartaallikse % toon en daardie % handhaaf.
- Die top 20 akademiese presteerders sal in kwartale 1, 2 en 3 alfabeties aangekondig word vir Gr. 5 en 6.
- Die top 20 akademiese presteerders sal in kwartale 1, 2 en 3 in stygende prestasie orde aangekondig word in Gr. 7.
- Leerders wat van 'n ander skool aansluit by die leerderkorps van Laerskool Elarduspark se akademiese rekord sal voorgelê word aan die akademiese meriete komitee.
- Gr. 5 en 6 Top-tien word alfabeties aangekondig tydens die meriete-aand.
- Gr. 7 Top-tien word volgens akademiese prestasie aangekondig tydens die meriete-aand.

**LET WEL:** Graad 4 leerders ontvang nie Meriete sertifikate nie, maar slegs vorderings sertifikate vir 5% verbetering op hul gemiddelde persentasies van kwartaal tot kwartaal.

## **Uitstekende akademiese prestasies**

- In Gr. 7 word 'n ere-penning toegeken aan leerders wat 'n Vlak-7 behaal (79,5%+) in alle vakke in al 4 kwartale in dieselfde jaar.
- In Gr. 7 word 'n Dux-leerder aangewys – dit is die leerder wat algeheel die beste akademiese prestasie in die graad behaal het na al 4 kwartale se punte in ag geneem is. Hy/sy ontvang 'n goue sertifikaat en 'n **spesiale** vlam.
- In Gr. 7 ontvang die beste presteerder in elke vak 'n trofee en 'n goue sertifikaat. Die leerder wat in aanmerking kom vir die toekenning moes al die formele toetse geskryf het (Kwartaaltoetse sowel as eksamen).
- Om 'n ere-penning of vaktoekenning te ontvang of in aanmerking te kom vir die Dux-toekenning moet 'n leerder gedurende die 4 kwartale al die formele assesserings van Laerskool Elarduspark voltooi het.

## **Addisionele Toekennings in Intermediêre- en Seniorfase (Gr. 4 - 7)**

Leerders ontvang 'n Sertifikaat van Verdienste vir vordering van 5% en meer op sy/haar gemiddeld.

## **6. OLIMPIADES**

Olimpiades wat aangebied word deur die Departement van Onderwys en/of goedgekeurde instansies sal in ag geneem word.

Indien 'n Olimpiade slegs oor een rondte beskik sal toekennings gemaak word op grond van prestasie:

Sertifikaat van verdienste:	60% - 70%
Goue sertifikaat:	70% - 80%
Diploma vir Olimpiade:	80%+
Klein vlam:	1ste of 2de plek vir die betrokke olimpiade

Indien die Olimpiade strek ook verskeie rondtes sal toekennings soos volg gemaak word op grond van prestasie:

Neem deel aan die Olimpiade en behaal 60% - 70%	Sertifikaat van verdienste
Dring deur na die finale rondte	Goue sertifikaat
Behaal 'n 1ste tot 5e plek tydens die finale rondte	Diploma
Behaal 'n 2de plek	Diploma en klein vlam
Behaal 'n 1ste plek	Diploma en groot vlam

## 7. CONQUESTA

Geen toekenning word deur die skool gemaak nie leerders ontvang 'n Sertifikaat volgens sy/haar prestasie vanaf die betrokke instansie. Die sertifikaat word wel tydens die Meriete aand uitgedeel.

## 8. WETENSKAP EKSPLO

Ons glo dat die aanleer van die wetenskaplike metode om navorsing te doen 'n vereiste is vir toekomstige studies en die voordele daarvan vir die individu op akademiese vlak is verrykend.

Die volgende toekennings vir Wetenskap Ekspo word gemaak:

### Interne Wetenskap Ekspo

Goud: Sertifikaat van verdienste

### Noord-Gauteng Ekspo

Goud: Diploma (Kleure)

Silwer: Goue sertifikaat

Bron/Meriete: Silwer sertifikaat

### Nasionale Wetenskap Ekspo

Nasionale deelname: Klein vlam

Vier jaar deelname aan Noord-Gauteng: Klein vlam

Goud by Nasionaal: Groot vlam

## 9. ROBOTIKA

Die volgende kompetisies word in ag geneem vir die toekenning van meriete:

### **Klofie Kompetisie**

1ste plek – sertifikaat van verdienste

### **Robothon**

Goud: Diploma

Silwer: Goue sertifikaat

Brons/Meriete: Silwer sertifikaat

### **Robotfest**

1ste Plek: Diploma

2de Plek: Goue sertifikaat

3de Plek: Silwer sertifikaat

### **WRO**

1ste Plek: Diploma

2de Plek: Goue sertifikaat

3de Plek: Silwer sertifikaat

Dring deur na SA's: Diploma (Kleure)

### **First Lego league**

Deelname aan streekskompetisie

1ste Plek: Diploma

2de Plek: Goue sertifikaat

3de Plek: Silwer sertifikaat

Deur dring na SA's: Diploma

Eerste plek nasionaal: Diploma en 'n Groot vlam

Afdelingswenners: Goue sertifikaat

### **First LEGO League junior**

Sertifikaat van verdienste

### **Let asseblief op die volgende**

- Leerders kan slegs een meriete toekenning per jaar ontvang.

- Indien 'n leerder kwalifiseer vir twee van die toekennings genoem hierbo, sal die hoogste toekenning gemaak word tydens die meriete geleentheid.
- Vir vier jaar deelname aan Robotika kompetisies ontvang leerders 'n klein vlam

## 10. BLOU STER TOEKENNING

Die Blou Stertoekenning is 'n top toekenning wat gemaak word slegs in uitsonderlike gevalle. Hierdie toekenning is slegs van toepassing op graad 7-leerders

Om die toekenning te verwerf moet die Gr. 7 leerder binne een kalenderjaar aan al die volgende kriteria voldoen:

**Akademie:** Medalje wenner (gemiddeld van 85% en hoër)

**Leierskap:** Verkies word tot die Leierkorps van Laerskool Elarduspark

**Sport:** Verwerf Provinsiale of Nasionale kleure vir 'n interne sportsoort aangebied deur Laerskool Elarduspark

**Kultuur:** Verteenwoordig Laerskool Elarduspark op Provinsiale/Nasionale vlak in 'n interne kultuuraktiwiteit aangebied deur L/s Elarduspark

Die leerder wat die toekenning verower, ontvang 'n trofee wat sy/haar persoonlike besit word.



## SPORT MERIETE BELEID

### 1. DOEL MET SPORTDEELNAME

Ons Visie by Laerskool Elarduspark is om aan soveel moontlik leerders blootstelling aan 'n verskeidenheid sportsoorte te bied. Sportprestasies binne en buite skoolverband word in berekening gebring vir meriete toekennings. Laerskool Elarduspark bied vyftien verskillende sportsoorte intern aan naamlik Atletiek, Gholf, Hokkie, Krieket, Landloop, Netbal, Rugby, Sewes Rugby, Skaak, Hengel, Perdesport, Boogskiet, Stoei, Fietsry en Tennis.

### 2. MERIETE KOMITEE

Die meriete komitee bestaan uit die Hoof, Sport Koördineerder, en die Sportorganiseerders van die onderskeie sportsoorte.

### 3. ALGEMENE RIGLYNE WAARVOLGENS SPORT TOEKENNINGS GEMAAK WORD

- 'n Leerder ontvang jaarliks net die hoogste toekenning per aktiwiteit.
- 'n Vlam is 'n spesiale toekenning.
- Wanneer 'n leerder die eerste keer kleure/diploma verwerf kan hy/sy 'n balkie aankoop (geel) vir die spesifieke aktiwiteit wat op die baadjie aangewerk kan word. Wanneer kleure/diploma 'n tweede keer toegeken word ontvang hy/sy 'n silwer balkie. Indien die leerder 'n derde keer kleure/diploma vir dieselfde aktiwiteit verwerf, word 'n goue balkie ontvang wat op die baadjie aangebring kan word in die plek van die silwer balkie.
- Die meriete beleid word jaarliks hersien.
- Toekennings vir individuele prestasies wat nie in die meriete beleid opgeneem is nie, sal op meriete deur die komitee oorweeg word, met inagneming van die algemene riglyne.
- **Die finale beslissing ten opsigte van toekennings berus by die meriete komitee.**

### 4. SPORT TOEKENNING

Leerders kan individueel of in spanverband erkenning vir bogenoemde sportsoorte ontvang.

'n Verdere toekenning kan vir **sport** ontvang word vir leerders wat in 'n verskeidenheid van sportsoorte deelneem en presteer. Die vereistes vir hierdie meriete erkenning berus op die bepunting van die verskeie sport deelnames en prestasies en word hieronder uiteengesit:

#### **Sertifikaat van Verdienste vir SPORT**

Vir 'n leerder om 'n Sertifikaat van Verdienste vir sport te verwerf moet hy/sy aan die volgende vereistes voldoen.

- 'n Totale punt van 15 tot 24 verwerf
- Die punt is saamgestel uit ten minste 2 sportsoorte
- Indien net 2 sportsoorte moet die 2de sportsoort 'n minimum punt van 5 hê.

### **Kleure vir SPORT**

Vir 'n leerder om kleure vir sport te verwerf moet hy/sy aan die volgende vereistes voldoen.

- 'n Totale punt van 25 en meer verwerf
- Die punt is saamgestel uit ten minste 2 sportsoorte
- Indien net 2 sportsoorte moet die 2de sportsoort 'n minimum punt van 5 hê.

## **5. TOP TOEKENNINGS**

### **Sportseun / Sportdogter**

Word bepaal streng volgens punte opgebou deur die jaar van deelname en prestasies op sportgebied. Leerder met meeste punte kry die Trofee. Indien daar 2 leerders is met dieselfde punte word die beker gedeel mits een van die leerders in Gr. 7 is wat dit dan sal ontvang.

### **Uitstaande Sportprestasie**

- Hierdie trofee word nie noodwendig elke jaar uitgedeel nie.
- Leerder moet Nasionaal of Internasionaal deelneem (Indien 'n leerder nie fisies aan die aktiwiteit deelgeneem het nie word die erkenning nie gegee nie. Net verkiesing vir die span beteken nie dat die prestasie behaal is nie)
- Indien deelname na die Meriete-aand plaasvind sal die erkenning in die volgende jaar aan die leerder gegee word indien hy/sy in Gr. 7 is. Indien die leerder nie in Gr. 7 is nie sal die prestasie by die volgende jaar se meriete geleentheid bygereken word.
- Indien daar 2 of meer leerders is wat op dieselfde vlak presteer het, sal die beker gedeel word.
- Indien dieselfde leerder vir die Sportseun/dogter, sowel as vir die Uitstaande Sportprestasie kwalifiseer, word daar slegs een trofee aan hom/haar oorhandig.

## ATLETIEK

- Beste Senior Dogter baanatleet (0/10 – 0/13)
- Beste Senior Seun baanatleet (0/10 – 0/13)
- Beste Senior Dogter veldatleet (0/10 – 0/13)
- Beste Senior Seun veldatleet (0/10 – 0/13)
- Atleet van die jaar: Seun (0/7 – 0/13)
- Atleet van die jaar: Dogter (0/7 – 0/13)

### Kriteria vir toekennings

- Suid-Afrikaanse Kampioenskappe – posisie

### Sertifikaat van Verdienste

- Cluster - Brons medalje

### Silwer sertifikaat

- Cluster - Goud en Silwer dws Deelname op distrik

### Goue sertifikaat

- Atleet gekies vir Gauteng-span en aan die Kampioenskap deelgeneem

### Diploma (Kleure)

- Medalje wenner op Super 12
- Atleet wat Provinsiale klere verwerf en aan SA's deelneem

### Klein vlam

- 3 jaar agtereenvolgens Gauteng-span vir deelname aan SA Kampioenskappe

### Groot vlam

- 4 jaar agtereenvolgens Gauteng-span vir deelname aan SA Kampioenskappe

### Toekennings

- Beste Junior Dogter (0/7 – 0/9)
- Beste Junior Seun (0/7 – 0/9)
- 
- Gauteng Kampioenskappe – posisie
- Distrik kampioenskappe – posisie
- Clusterbyeenkoms – posisie

## PERDESPORT

Slegs ruiters wat aan SANESA skoue deelneem, word as lede van die skolespan erken.

### **Sertifikaat van deelname**

- Deelname aan 3 uit 4 kwalifiserende SANESA skoue **OF** deelname aan 2 uit 3 SANESA skoue.

### **Sertifikaat van Verdienste**

- Deelname aan meer as een tipe dissipline (Core league **EN** 'n addisionele dissipline bv. Eventing, Eventing 3 phase, Mounted archery, Saddle seat, Stadium eventing, Vaulting, Western Mounted Games, Western riding, Working equitation)

### **Silwer Sertifikaat**

- Ruiter word gekies vir die Tshwane B-span

### **Goue Sertifikaat**

- Ruiter word gekies vir die Tshwane A-span

### **Diploma (kleure)**

- Gauteng-span deelname

### **Klein vlam**

- Twee opeenvolgende jare se deelname vir Gauteng-Noord

### **Groot vlam**

Vier opeenvolgende jare se deelname vir Gauteng-span.

1ste, 2de of 3de plekke behaal by Nasionale Kampioenskappe.

## **BOOGSKIET**

### **Sertifikaat van deelname**

- 80% bywoning van oefeninge. Word by afsluitingsfunksie uitgedeel.

## **Sertifikaat van Verdienste**

- Deelname aan 4 kompetisies.

## **Silwer sertifikaat**

- Deelname aan Kampioenskappe: Provinsiale en/ Nasionale deelname asook deelname aan 6 ander kompetisies.

## **Goue Sertifikaat**

- Plek behaal op kampioenskappe 1ste, 2de, 3de Provinsiaal/ Nasionaal asook deelname aan 6 ander kompetisies.

## **Diploma (Kleure)**

- Leerder wat Provinsiale Kleure verwerf het.
- Leerder Nasionale Kleure verwerf het.

## **Klein vlam**

- Protea kleure verwerf.
- 4 Jaar deelname aan boogskiet.

## **Groot vlam**

- 3 jaar agtermekaar Provinsiale/ Nasionale Kleure verwerf.
- Internasionale deelname.

## **Kriteria vir**

### **Beste Boogskut van die jaar**

- Bereken volgens prestasies
- Eerstens sal daar gekyk word na Nasionale Kleure
- Tweedens na Provinsiale Kleure
- Derdens na deelname op Nasionale/ Provinsiale vlak en plek behaal
- Indien nie een van bogenoemde van toepassing is nie sal die gemiddelde telling van sy/haar uitslae vir Kampioenskappe in aanmerking geneem word

## GHOLF

### Sertifikaat van deelname

- 80% bywoning van oefeninge en wedstryde. Word by afsluitingsfunksie uitgedeel.

### Sertifikaat van Verdienste

- Lid van C en D-span wat die liga verower het

### Silwer Sertifikaat

- Lid van B-span wat die liga verower het

### Goue Sertifikaat

- As lid van 'n A-span wat die liga verower het

### Diploma (Kleure)

- Gholfspan wenners of naaswenners van Interskole uitspele
- Medalje wenner op Super 12
- Leerder wat Provinsiale Kleure verwerf het

### Klein Vlam

- As 'n individuele speler 4 jaar in die A-span van die skool deelgeneem het – ontvang in Gr. 7

### Groot Vlam

- As 'n individuele speler of span 3 jaar agtermekaar Provinsiale Kleure verwerf het
- Indien 'n speler Internasionaal deelneem

### Kriteria vir

#### Beste Gholfspeler van die jaar

- Bereken volgens prestasies
- Eerstens sal daar gekyk word na Nasionale Kleure
- Tweedens na Provinsiale Kleure
- Indien nie een van bogenoemde van toepassing is nie sal die gemiddelde telling van sy/haar 4 beste rondtes (4 of meer tydens Ligawedstryde sowel as Super 12) in aanmerking geneem word op 9 putjies wat deur 'n ander speler gemerk word. Die seun/dogter met die laagste gemiddeld sal dan aangewys word as die Gholfspeler van die jaar.

## HOKKIE

### Sertifikaat van deelname

- 80% bywoning van oefeninge en wedstryde. Word by afsluitingsfunksie uitgedeel.

### Sertifikaat van Verdienste

- Spanne in C en D ligas – ligawenner

### Silwer Sertifikaat

- Spanne in B-liga wenners
- Individueel gekies vir GN C en D spanne

### Goue Sertifikaat

- A- span ligawenner
- Individueel gekies vir GN B-span

### Diploma (Kleure)

- Wenner/Naaswenner – Champ of Champions
- Medalje wenner op Super 12
- Individueel gekies vir Gauteng-Noord A-span en aan toernooi deelgeneem

### Klein vlam

- Speler in Gr.7 – 4+ Jaar agtereenvolgens in 'n A span / 1e span gespeel het.

### Groot vlam

- Span of individueel – 2 jaar provinsiale (Gauteng-Noord) Kleure in 'n A span

### Kriteria vir

#### Beste aanvallende speler / Verdedigende speler in 'n span

- Afrigter saam met paneel, neem die besluit by aanvallende en verdedigende speler

#### Beste Hokkiespeler/speelster van die jaar

- Wisseltrofee
- Kry Goue Sertifikaat
- 'n Paneel sal besluit na aanleiding van:
  - o 80% bywoning en gesindheid
  - o Speler wat oral op alle gebiede presteer het

## KRIEKET

### Sertifikaat van deelname

- 80% bywoning van oefeninge en wedstryde. Word by afsluitingsfunksie uitgedeel.

### Silwer sertifikaat:

- B span – onoorwone in wedstryde vir die seisoen
- A span wat in semi-finaal speel by Northerns uitspele

### Goue sertifikaat:

- A span liga wenners

### Diploma (Kleure):

- A span wenners of naaswenners van die Northerns uitspele
- Medalje wenner op Super 12

### Klein vlam:

- Speler 4 jaar in 'n A-span van die skool krieket gespeel het – ontvang in Gr 7.

### Groot vlam:

- As speler gekies is vir die Northerns Regional span (o/13) en die toernooi bygewoon het

### Kriteria vir:

#### Beste Bouler van die jaar in A - span

- Volgens statistiek (dagliga) die beste boul prestasies het, d.w.s. aantal paaltjies **asook** aantal lopies afgestaan
- Speler met die meeste paaltjies is nie noodwendig die beste bouler van die jaar nie

#### Beste Kolwer van die jaar in A - span:

- Volgens statistiek (dagliga) die beste kolf prestasies het, d.w.s. aantal lopies **asook** kolfgemiddeld
- Speler met die meeste lopies is nie noodwendig die beste kolwer van die jaar nie



## **Beste Krieketspeler van die jaar:**

- Speler uit die o/12 of o/13 A-span
- Volgens statistieke (dagliga) **SAAM** die beste gemiddelde kolf- asook bouldprestasies het. Hierdie speler is nie noodwendig die o/13 beste kolwer of boulder van die jaar nie
- Enige speler wat Provinsiale kleure verwerf het sal ook in aanmerking kom.

## LANDLOOP

### Sertifikaat van deelname

- 80% bywoning van oefeninge en wedstryde. Word by afsluitingsfunksie uitgedeel.

### Silwer sertifikaat:

- Gauteng-Noord Kampioenskappe: 2e en 3e plek

### Goue sertifikaat:

- GN kleure by Interprovinsiale kampioenskappe ontvang en deelneem

### Diploma (Kleure):

- Gauteng-Noord kleure en aan SA kampioenskappe deelneem
- Medalje wenner op Super 12
- SA deelname 1ste/2de plek

### Klein vlam:

- 3 Jaar Gauteng-Noord kleure

### Groot vlam:

- 5 Jaar Gauteng-Noord Kleure

### Kriteria:

### Spesiale Toekenning per span:

Toekennings: Landloper van die jaar:

Junior - seun en dogter en Senior - seun en dogter

- Suid-Afrikaanse Kampioenskappe – deelname
- Interprovinsiale Kampioenskappe – posisie
- Gauteng-Noord Kampioenskappe – posisie
- Super 12 –individuele posisie

## NETBAL

### Sertifikaat van deelname

- 80% bywoning van oefeninge en wedstryde. Word by afsluitingsfunksie uitgedeel.

### Sertifikaat van Verdienste

- C en D span ligawenners

### Silwer Sertifikaat

- B-span ligawenners
- A-span wat 'n 2de of 3de plek behaal tydens Tshwane uitspele

### Goue Sertifikaat

- A-span ligawenners
- Gauteng deelname

### Diploma (Kleure)

- A-span Gauteng wenners of naaswenners
- Medalje wenner op Super 12
- Individuele dogter wat gekies is vir Gauteng span en die toernooi bywoon

### Klein Vlam

- As 'n dogter vir 4 jaar agtereenvolgens in 'n A-span gespeel het – ontvang in Gr. 7

### Groot Vlam

- Indien 'n dogter vir 2 jaar agtereenvolgens vir die Gauteng span verkies is en die toernooie bygewoon het
- Indien 'n dogter of span Nasionaal deelneem

### Kriteria vir

#### Beste aanvallende en Beste verdedigende Speelster in A – span

Die afrigter van die span hou 'n rekord van die dogter se spel. Die dogter wat die toekenning ontvang moet aan die volgende vereistes voldoen:

- Konsekvente spel deur die seisoen
- Gesindheid
- Teenwoordigheid
- Ambassadeur
- Uitstaande spel

#### Beste Netbalspeelster van die jaar

- Die netbalspeelster moet aan die volgende vereistes voldoen om as netbalspeelster van die jaar verkies te word

## Kriteria

- Daar word eerstens gekyk na 'n graad 7 - dogter in die 1ste netbalspan
- Gauteng proewe het geen invloed op die keuse van ons netbalspeelster van die jaar nie
- Die dogter se spel moet van so aard wees dat sy deurlopend konsekwent gespeel het. Die gehalte van haar spel, aanvallend en verdedigend moet op 'n hoë standaard wees
- Gesindheid, toewyding en teenwoordigheid by oefeninge word ook in ag geneem
- Indien daar nie 'n dogter is in die 1ste netbalspan wat aan die vereistes voldoen nie, sal daar na die 0/12A - span gekyk word
- Die afrigter of organiseerder besluit nie oor die keuse van die speelster nie. Hulle lê wel die name van die moontlike kandidate voor en die komitee sal die finale besluit neem
- Dogter wat gekies word se naam word deur die afrigter aan die paneel gegee en daar word saam oor die toekenning besluit
- Die paneel bestaan uit die Skoolhoof, Netbalorganiseerder en betrokke afrigter of afrigters van daardie span

## RUGBY

### Sertifikaat van deelname

- 80% bywoning van oefeninge en wedstryde. Word by afsluitingsfunksie uitgedeel.

### Silwer Sertifikaat

- C span ligawenners
- B span ligawenners
- A span liga-naaswenners en uitspeel vir Blou Bulle

### Goue Sertifikaat

- A span ligawenners en uitspeel vir Blou Bulle
- Blou Bulle naaswenners

### Diploma (Kleure)

- A span Blou Bulle wenners
- Medalje wenner op Super 12
- Individuele seun wat gekies is vir die Blou Bulle span

### Klein Vlam

- As 'n seun vir 4 jaar agtereenvolgens in 'n A span gespeel het - ontvang in Gr. 7

### Groot Vlam

- Indien 'n seun vir 2 jaar agtereenvolgens vir die Blou Bulle span verkies is.

### Kriteria vir:

#### Beste Voor en Agterspeler in A en B - span

Die afrigter van die span hou 'n rekord van die seuns se spel. Die seun wat die toekenning ontvang moet aan die volgende vereistes voldoen:

1. Konsekwente spel deur die seisoen
2. Gesindheid
3. Teenwoordigheid
4. Ambassadeur
5. Uitstaande spel

**Seuns wat gekies word se naam word deur die afrigter aan die komitee gegee en daar word saam oor die toekenning besluit.**

### Kriteria vir Rugbyspeler van die jaar

#### A. Lid van eerste rugbyspan

- Slegs spelers wat 80% van die wedstryde vir die eerstespan gespeel het,

kwalifiseer vir die toekenning.

## **B. Prestasie gelewer**

- Die seun wat volgens die puntetabel die beste in rugby presteer het vir die bepaalde seisoen: Bonde-span:18 punte; Blou Bulle A-span:15 punte; Blou Bulle B-span: 12 punte; Blou Bulle C-span: 9 punte; beste gevaar tydens proewe: 6 punte.

## **C. Verantwoordelikheid:**

### **• Bywoning van oefeninge**

- Alle oefeninge bygewoon: 3 punte; meer as een oefening nie bygewoon: 2 punte; swak bywoning: 1 punt.
- Stiptelikheid: Byeenkomste, oefeninge, wedstryde
- Baie goed: 3 punte; gemiddeld: 2 punte; swak: 1 punt.

## **D. Gesindheid**

- Indien sy gesindheid teenoor sy spel, sy span en sy afrigter deurgaans absoluut lojaal en positief is: 3 punte.

## **E. Ambassadeurskap**

- Die seun moet deur die seisoen in sy gedrag en optrede sy skool se naam hoog hou op die veld en van die veld af: 3 punte.

## **F. Bydrae gelewer**

- Die mate van leierskap aan die dag gelê gedurende die seisoen, asook die inset wat gelewer is om rugby in die algemeen by Laerskool Elarduspark te bevorder: 5 punte.

## SKAAK

### Sertifikaat van deelname:

- Sertifikaat van deelname word na afloop van skaakseisoen aan spelers tydens vierkant/skaakafsluiting uitgedeel..
- 80 % bywoning van oefening en wedstryde

### Sertifikaat van Verdienste:

- Super 12 Bordpryswenner

### Silwer sertifikaat:

- B span liga-wenners
- Liga - 2de en 3de plek, na Uitspele

### Goue sertifikaat:

- A span Liga - wenners en naaswenners

### Diploma (Kleure):

- Medalje wenner op Super 12
- Individuele speler wat kwalifiseer vir Gauteng skole en deelneem - wenners
- Span wat kwalifiseer vir Gauteng skole en deelneem - wenners

### Klein Vlam:

- Speler 6 jaar agtereenvolgend (2016, 2017, 2018, 2019, 2021, 2022) in A span speel ontvang toekenning in Gr 7

### Groot vlam:

- Speler in span- of ind. verband deelneem aan SA-skole of Top Schools
- Speler in skoolverband internasionaal deelneem
- Speler wat 2 jaar Prov. Kleure verwerf

### Spesiale Toekenning per span:

- Beste O/9 skaakspeler (Trofee)
- Beste O/11 skaakspeler Trofee)
- Beste O/13 skaakspeler (Trofee)
- Beste Dogterskaakspeler (Trofee)
- Algehele Beste skaakspeler (Trofee)

## Kriteria:

- Volgens A-span Liga-uitslae
- Bordnommer waarop spelers deelneem is ook bepalend
- Super 12-uitslae, ook bordnr is belangrik
- Ind. Proewe (skoolverband)
- Gauteng-spanverband uitslae
- Nasionaal en Inter-Nasionaal deelname - skoolverband



## TENNIS

### Sertifikaat van deelname

- 80% bywoning van oefeninge en wedstryde. Word by afsluitingsfunksie uitgedeel.

### Sertifikaat van Verdienste

- Ligawenners C en D ligas

### Silwer sertifikaat

- Ligawenners – B liga

### Goue sertifikaat

- Ligawenners – A liga
- Speler individueel gekies vir GN B-span
- Wenners/naaswenners by GN Rising stars

### Diploma (Kleure)

- Medalje wenner op Super 12
- As 'n speler individueel gekies word vir die GN - A tennisspan en aan die toernooi deelneem

### Klein Vlam

- Spelers in Gr. 7 wat vir 2 jaar vir die skool se 1ste-span tennis gespeel het en 2 jaar vir 0/11A. ( d.w.s. 4 jaar agtereenvolgens vir 'n A-span gespeel het in albei ligas per jaar).

### Groot Vlam

- Indien 'n individuele speler 2 jaar provinsiale kleure in 'n A-span verwerf het
- Indien 'n speler Internasionaal deelneem. (in skoolverband)

### Kriteria vir

#### Belowendste 0/11 dogter tennisspeler van die jaar.

- Die dogter wat die meeste ligawedstryde as No 1 in die 0/11 A span speel

#### Belowendste 0/11 seun tennisspeler van die jaar.

- Die seun wat as die meeste ligawedstryde as No 1 in die 0/11 A span speel

### Tennis speler van die jaar

#### Die beste seuns tennisspeler van die jaar.

